



Taalbeleid

van die Universiteit Stellenbosch

Verwysingsnommer van hierdie dokument	
HEMIS-klassifikasie	
Doel	Om beleid neer te lê vir die rig van taalbeplanning en taalbestuur aan die Universiteit Stellenbosch (insluitende die ontwikkeling, goedkeuring, hantering, implementering, beskikbaarstelling en hersiening)
Tipe dokument	Beleidsdokument
Toeganklikheid	Algemeen (ekstern en intern)
Implementeringsdatum	1 Januarie 2015
Hersieningsdatum/-frekwensie	Elke vyf jaar – of korter, na gelang van noodsaaklike tussentydse aanpassings
Vorige hersienings	Dit is die eerste hersiening van die Beleid ná implementering in 2002
Eienaar van hierdie Beleid	Viserektor (Leer en Onderrig)
Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie Beleid	Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking
Goedkeuringsdatum	22 November 2014
Goedgekeur deur	Die Raad van die Universiteit Stellenbosch
Sleutelwoorde	beleid, taal, taalbeplanning, taalplan, meertaligheid, leer- en onderrigtale

Die kern van die Beleid

Taal word aan die Universiteit gebruik op 'n wyse wat gerig is op die omgang met kennis in 'n diverse samelewing. Die Universiteit is verbind tot die gebruik, beskerming en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal in 'n meertalige konteks, maar terselfdertyd word die onderrigaanbod van Engels verhoog om optimale leer en onderrig vir alle Suid-Afrikaners aan die Universiteit moontlik te maak. Die Universiteit aanvaar ook die verantwoordelikheid om isiXhosa op oordeelkundige wyse en waar doenlik as akademiese taal en taal van sosiale omgang te bevorder.

Met die Taalbeleid en Taalplan is die Universiteit verbind tot die bevordering van meertaligheid op beide institusionele en individuele vlak. Hierdie Beleid en Plan erken taaldiversiteit en bevorder toeganklikheid vir personeel en studente, en ontgin die inherente waarde van meertaligheid. Die aanwending van meertalige leer en onderrig word op pragmatiese wyse en met 'n verskeidenheid aanmoedigingsmeganismes bewerkstellig.

1. Inleiding

Een aspek van die diversiteit van ons samelewing is dat 'n verskeidenheid tale gebruik word. Die Grondwet van Suid-Afrika verleen amptelike status aan elf verskillende tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend word om die land se menslike potensiaal te help ontwikkel. Die Grondwet bepaal origens dat elkeen die reg het om in die openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Daarom moet hierdie belangrike persoonlike, professionele en sosiale bate op kollektiewe grondslag ook deur die Suid-Afrikaanse tersiêre onderwyssektor ontgin word.

Hierdie doelstellings word herbevestig in die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 waarin duidelike uitsprake gemaak word oor die belangrikheid van meertaligheid, die voortgesette ontwikkeling van die land se tale en die noodsaak om mense se taalvaardigheid in meer as een taal te ontwikkel.

Die kernfunksie van die Universiteit Stellenbosch (US) is, binne die bogenoemde konteks, die omgang met kennis. Die kennisspektrum van die Universiteit is beperk vir sover 'n aantal fokusareas die kern daarvan vorm, en uitgebreid in die sin dat dit beide oor 'n verskeidenheid akademiese dissiplines strek en sowel voor- en nagraadse leer en onderrig as navorsing behels. In hierdie omgang met kennis hou die Universiteit rekening met die diversiteit in die samelewing, veral ook die talige diversiteit en die intellektuele rykdom wat daarin opgesluit lê.

Die Universiteit gaan verder daarvan uit dat die internasionale konteks van wesenlike belang is vir die verwerwing en aanwending van kennis. Terselfdertyd hou die Universiteit ook rekening met die plaaslike sosiokulturele verband, binne Suid-Afrika en besonderlik in die Wes-Kaapse streek. Die Universiteit wil die kennis wat onder andere binne internasionale verband geskep word, plaaslik aanwend met inagneming van die diversiteit van die regionale en die nasionale gemeenskap.

2. Die meertalige konteks

Die Universiteit lewer teen hierdie agtergrond 'n bydrae tot meertaligheid waar Afrikaans as akademiese taal aangewend, beskerm, en bevorder word, terwyl ons die waarde van Engels as internasionale akademiese taal en gemeenskaplike taal vir die vele sprekers van ander inheemse Suid-Afrikaanse tale benut. Verder bestee ons aandag aan die oordeelkundige bevordering en aanwending van isiXhosa as akademiese taal en as taal van sosiale omgang. Die US volg dus 'n dinamiese proses om die Universiteit meer inklusief en meer divers te maak, ook deur die taalaanbod. Deur 'n meertalige benadering bevorder die US institusionele meertaligheid (die gebruik van meer as een taal deur die instansie) en individuele meertaligheid (die gebruik van meer as een taal deur die individu). Die Universiteit se verbintenis tot Afrikaans as akademiese taal sluit dus nie uit dat verskillende tale aan die Universiteit in die verwerwing en aanwending van kennis benut word nie.

Afrikaans

Die Afrikaanse taalgemeenskap is *demografies* – op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding – een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. In *kulturele* opsig is Afrikaans 'n standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal 'n nasionale bate is.

Die Universiteit is verbind tot die ontginning, beskerming en bevordering van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van 'n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit 'n beduidende groep uit opvoedkundig agtergestelde gemeenskappe in.

Engels

In die uitvoering van die Universiteit se kennisfunksie benut die Universiteit Engels ter wille van sowel die taal se internasionale waarde as sy plaaslike funksie as toegangstaal.

IsiXhosa

IsiXhosa is 'n amptelike taal wat deur een van die grootste taalgemeenskappe oor 'n groot gebied in Suid-Afrika gebruik word en wat onder andere in Wes-Kaapland sterk aan die toeneem is. Die Universiteit onderneem om deur besondere inisiatiewe by te dra tot die ontwikkeling van isiXhosa as ontluikende akademiese taal benewens die bevordering daarvan as kommunikasietaal.

3. Toepassing van die Beleid

Die Taalbeleid is van toepassing op alle fakulteite, steundienstafdelings, bestuursliggame, personeel en studente van die Universiteit. Die toepassingsbereik van die Beleid word verder beskryf in die Taalplan van die Universiteit Stellenbosch.

4. Doel van die Beleid

Die doel van die Beleid (in samehang met die Taalplan) is om taalbeplanning en taalbestuur aan die Universiteit te rig ter bevordering van meertaligheid, institusioneel en individueel.

5. Mikpunte van die Beleid

- (a) Om deur 'n ewewigtige meertalige aanbod te voldoen aan Visie 2030 van die Universiteit, soos vervat in die US Institusionele Voorneme en Strategie, en dit meer haalbaar te maak om *inklusiwiteit* te bevorder.
- (b) Om effektiewe leer en onderrig asook dienslewering aan die US te fasiliteer, deur die benutting van die meerdere waarde van meertaligheid.
- (c) Om, in samehang met die Taalplan, leiding te gee aan persone wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling en hersiening van taalbeleidimplementering.
- (d) Die Taalbeleid bevestig meertaligheid as 'n belangrike onderskeidende kenmerk van die Universiteit.

6. Beleidsbeginsels

Die Taalbeleid van die Universiteit word uitgevoer met inagneming van die volgende belangrike beleidsbeginsels:

- (a) Die Universiteit is 'n sentrum van uitnemendheid wat gerig is op die produksie van kennis deur navorsing, leer en onderrig.
- (b) Die Universiteit erken en respekteer die kernwaardes wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat word.
- (c) Die Universiteit hou rekening met strategiese nasionale beleid en beleidvormingsprosesse.
- (d) Die Taalbeleid ondersteun en bevorder die waardes en uitgangspunte wat in die Institusionele Voorneme en Strategie van die Universiteit beskryf word.
- (e) Die Universiteit erken die besondere status van Afrikaans as 'n akademiese taal en sal bydra tot die beskerming en bevordering daarvan.
- (f) Die Universiteit erken die status van Engels as belangrike plaaslike, maar ook as erkende internasionale akademiese taal.
- (g) Die Universiteit erken die status van isiXhosa as belangrike plaaslike, maar ook as ontlukende akademiese taal en wil, binne die perke van wat doenlik is, aktief meewerk aan die ontwikkeling daarvan vir akademiese gebruik en as kommunikasietaal.
- (h) Die Taalbeleid posisioneer die Universiteit om 'n besondere bydrae te lewer ter bevordering van beide institusionele en individuele meertaligheid as 'n bate.
- (i) Die Universiteit aanvaar die beginsel dat die sukses van die Taalbeleid direk afhanklik sal wees van die daarstelling van gepaste en voldoende taalsteun en taaldienste.

7. Beleidsbepalings

Die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch word in die volgende bepalinge saamgevat:

- (a) Die leer- en onderrigtaal van die Universiteit is Afrikaans en Engels, en die US is verbind daartoe om die akademiese aanwending van beide tale doelgerig uit te brei.
- (b) Afrikaans en Engels word in verskillende gebruikskonfigurasies aangewend.
- (c) Parallelmediumonderrig en intydse opvoedkundige tolking word as voorkeursopsies gebruik waar prakties haalbaar en bekostigbaar.
- (d) In nagraadse leer en onderrig word sowel Afrikaans as Engels gebruik, met 'n beduidende aanwending van Engels as internasionale akademiese taal.
- (e) Die ontwikkeling van studente se akademiese taalvaardighede in Afrikaans en Engels word stelselmatig aangemoedig.
- (f) Die Universiteit bevorder institusionele meertaligheid deur die oordeelkundige aanwending van Afrikaans en Engels, en isiXhosa na gelang van omstandighede.
- (g) Kernbelangrike dokumentasie (bv. beleide en strategiese MHB-dokumente wat op diensvoorwaardes betrekking het) word in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel.
- (h) Afrikaans en/of Engels, en waar doenlik isiXhosa, is die Universiteit se eksterne kommunikasietale.
- (i) Die Universiteit Stellenbosch respekteer die taalbeleide en/of die taalvoorkeure van haar vennote. Dit beteken dat die amptelike kommunikasie en dokumentasie met hierdie vennote (dit sluit amptelike vergaderings in) normaalweg in die voorkeurtaal van die vennoot gevoer sal word, of dat die nodige dienste (bv. vertaal- en tolkdienste) in werking gestel sal word wat die taalvoorkeur in ag neem. Waar die Universiteit nie die kapasiteit het om aan 'n voorkeurtaal uitvoering te gee nie, sal Engels die voertaal wees.
- (j) Die US moedig die aanwending van isiXhosa binne die formele programaanbod aan, waar doenlik en bekostigbaar. Vir isiXhosa word in bepaalde programme voorsiening gemaak met die oog op effektiewe leer en onderrig, en veral waar die gebruik van die taal vir beroepsdoeleindes van belang mag wees.
- (k) As ontluikende akademiese taal word isiXhosa deur onder andere strukture soos die Universiteit se Taalsentrum bevorder, waar doenlik en bekostigbaar.
- (l) Die Universiteit voorsien taalsteun en taaldienste ten aansien van Afrikaans, Engels en isiXhosa.

8. Konflikbeslegting

Die finale verantwoordelikheid vir konflikbeslegting berus by die Viserektor (Leer en Onderrig) wat die funksie uitvoer in oorleg met bestaande bestuursliggame. Klagtes oor die implementering van die Taalbeleid en -plan word in die eerste instansie via die dekane in die geval van fakulteite, of in die geval van steundienste deur die

lynbestuurder hanteer. 'n Verdere vlak van konflikresolusie vir die akademiese omgewing is die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat, of in die geval van die breë universiteit, die Rektor se Bestuurspan .

In gevalle waar die aanwending van bogenoemde strukture nie gepas is nie, kan klagtes aan die ombudsman voorgelê word vir afhandeling in oorleg met die tersaaklike strukture.

9. Beleidsbeheer

Die Taalbeleid word goedgekeur deur die Raad met die instemming van die Senaat en na oorleg met die Institusionele Forum.

Die eienaar van die Beleid is die Viserektor: Leer en Onderrig. Die Viserektor is verantwoordelik vir die implementering, bestuur en opdatering van die Beleid, en rapporteer daarvoor via die Rektor se Bestuurspan, die Akademiese Beplanningskomitee en die Senaat aan die Raad. Die Viserektor word ondersteun deur 'n Taalbeplannings- en Bestuursprojekspan wat advies lewer en take namens die Viserektor uitvoer, soos van tyd tot tyd bepaal.

Die kurator van die Beleid is die Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking. Die kurator tree ook in 'n adviserende rol vir die Viserektor op en werk nou saam met die Direkteur: Taalsentrum. Die Direkteur: Taalsentrum tree saam met die personeel van die Taalsentrum in 'n navorsings-, beplannings-, adviserende en ondersteuningsrol op vir die effektiewe uitvoering van die Taalbeleid in fakulteite en steundiensteomgewings.

Die rolle, implementering, monitering, verslagdoening en ander aspekte van beleidsbeheer word verder in die Taalplan beskryf.

10. Hersiening

Die Universiteit Stellenbosch neem in ag dat taalbeleidsvorming 'n dinamiese proses is. Daarom onderneem die Universiteit om die Taalbeleid voortdurend aan die veranderende omstandighede te toets deur

- (a) navorsing te doen oor die implementering, die toepassing en die monitering van die Taalbeleid,
- (b) gereeld met die breë Universiteitsgemeenskap oorleg te pleeg,
- (c) deur inligting wat uit hierdie navorsing en oorlegpleging voortspruit te verwerk en bekend te maak, en
- (d) die Taalbeleid, waar nodig, aan te pas.

11. Openbaarmaking

Die Taalbeleid is 'n openbare dokument en word saam met die Taalplan op die webwerf van die Universiteit gepubliseer.

12. Ondersteunende dokument

Die Taalplan, as ondersteunende dokument tot die Taalbeleid, verwoord die belangrikste sake wat betrekking het op die implementering van die Beleid.